**Die verhewe priesterorde van Melgisedek**

**Heb 7:1-10**

**24 Julie 2022**

1. Konteks: Heb 5:1-6 – vereistes vir 'n hoëpriester. Heb 5:7-10 – Die Seun het gely, geleer wat gehoorsaamheid is, volmaaktheid bereik en Bron van saligheid geword. Verklaar tot Hoëpriester volgens priesterorde van Melgisedek. Heb 5:11-6:20 – onderbreking om lesers aan te spoor tot ywer om priesterorde van Melgisedek te kan verstaan.
2. Heb 7:1 begin met "Want" – hier volg verduideliking van priesterorde van Melgisedek
3. Hebreërs het waarskynlik a.g.v. hulle agtergrond baie waarde geheg aan die Levitiese priesterorde
4. Wie was Melgisedek? (Heb 7:1-3):
    a. Koning van Salem = koning van Jerusalem (v 1, Ps 76:2-3)
    b. Priester van God, die Allerhoogste (v 1)
    c. Interaksie tussen Melgisedek en Abraham (v 1-2, vgl Gen 14:18-20)
        i. Melgisedek het vir Abraham geseën
        ii. Abraham het vir Melgisedek 'n tiende van die oorlogsbuit gegee
    d. Ps 110:4 – Koning is ook vir altyd Priester volgens priesterorde van Melgisedek
    e. Melgisedek = koning van geregtigheid; koning van Salem = koning van vrede
    f. Sonder vader, moeder, afstamming, begin/einde van dae (v 3a)
    g. Spekulasie oor wie Melgisedek was:
        i. Engel – sonder vader of moeder of geslagsregister
        ii. Teofanie van die Seun van God (bv Edgar Andrews) – was priester en koning, sonder begin/einde van dae
        iii. Mens (bv Calvyn, Pink)
            - Ou Testamentiese tipe van die Seun (v 3b)
            - Afwesigheid van rekords word gebruik om tipe te beskryf
            - Het voortdurend gedien as priester, sonder om afstamming te bewys (anders as Levitiese priesters, Num 4, 8, Esra 2:61-62)
5. Priesterorde van Melgisedek is verhewe bo Levitiese priesterorde (Heb 7:4-10)
    a. Stygende verhewenheid word sigbaar in die gee van tiendes: volk < Leviete < Priesters < Abraham (as stamvader) < Melgisedek (Tipe) < Seun van God (Antitipe) (v 4-6a, 9-10)
    b. Melgisedek (as meerdere) het vir Abraham geseën (as mindere) (v 6b-7, Gen 14:19-20)
        i. Vgl: Jakob seën sy seuns, priesterlike seën (Num 6:22-26)
    c. Melgisedek was voortdurend priester, Levitiese priesters was net vir 'n periode priesters (v 8)
        i. Die Seun is Hoëpriester vir ewig (Heb 6:20, Ps 110:4, vgl Rom 8:34)
6. Toepassings
    a. Die Bybel funksioneer as geheel – Gen 14:18-20 se betekenis word eers duidelik in Heb 7
    b. Die Seun (soos Melgisedek) is Priester en Koning – deur God self aangestel, beide word duidelik aan die kruis en in die hemel
        i. Ons is ook priesters en konings (1 Pet 2:9, Op 1:6)
    c. Die Seun is Koning van geregtigheid en van vrede (Rom 5:1)